Desember / December 2019

Werk saam SSK Wen saam

# WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

"...en kyk daar die Kindjie, tot ons Heil gebore"

# 2019: OORSIG / OVERVIEW



SSK Hoof Uitvoerende Beampte: Erenst Pelser

Landbou se geldsake trek nasionaal swaar. Vanweë laer produksie weens droogte, swak pryse en stygende uitgawes aan 'n wye front, moet die inkomste van landbou noodwendig laer neig.

The Department of Agriculture illustrates in its latest publication that agricultural net income decreased by 2,4% in the year ending June 2019, while agricultural expenses increased by approximately 6%. Weaker commodity prices furthermore hampered the profitability of grain producers.

In die Suid-Kaap, Karoo en Tuinroete beleef boere sedert 2017 onder-gemiddelde reënval met oor die algemeen swakker as gemiddelde oeste. Gebiede soos Aberdeen, Rietbron, Uniondale en Herold beleef reeds droogtetoestande vir die afgelope 5 jaar.

Meat prices are currently lower than a year ago, mainly because of the weakening economy and the lower real disposable income. The dairy industry is suffering because of price pressure, due to an excess of subsidised dairy, imported without proper management. Improved co-operation and trust between the producers and dairy industry, processers and retailers are of the essence.

Die uitbreek van bek-en-klouseer en die impak daarvan op die wol- en sybokhaarbedryf is alom bekend. Die volstruisbedryf het weereens 'n uitvoerverbod op vleis ervaar, alhoewel velpryse en vere uitstekende groei toon.

SSK se lede in die vrugte- en wynbedryf het gedurende die jaar gemiddelde oeste ervaar, veral gegewe watertekorte wat gelei het tot meer konserwatiewe boerderypraktyke, met gevolglike laer opbrengste.

Landbou is tans nie net vasgevang in 'n koste-prys-knyptang nie, maar die netto inkomste het ook wesenlik gedaal weens swakker produksietoestande en swak markte. Herstel sal bepaal word deur beter klimaats- en marktoestande. Sterk ekonomiese groei is 'n voorvereiste vir werk- en welvaartskepping wat besteding aan voedsel, drank en klerasie sal stimuleer en landbou direk sal bevoordeel. Die noodsaaklikheid van voedselsekerheid kan nie van die Regering se agenda verdwyn nie. Dit is bekend dat SSK se lede van die beste boere in Suid-Afrika is en dat hulle selfs hul oorsese eweknieë ore aansit. Die sleutel tot oorlewing is winsgewendheid en gesonde kontantvloei. Optimale wins is die ideaal maar 'n erg wisselende klimaat, die politiek en 'n sukkelende ekonomie kortwiek 'n kitsresep vir almal.

- na bl.2



SSK AgriLand bestuur saam met Erenst Pelser tydens die onlangse strategiese sessie te Gourikwa.
Die tema was TEAM = Together, Everyone, Achieves, More.

# 2019: OORSIG / OVERVIEW

- van bl.1

Cautious business decisions and capital protection will be of the utmost importance in the coming year and SSK's strategic focus remains assistance in managing the debt plight of our members. The SSK board, management and employees pledge to support our members in these challenging times. We thank our members and clients for their support during the past year and wish them and their loved ones a well-deserved and blessed festive season.

Die bevrediging van boerdery lê daarin dat daar oor geslagte heen altyd ruimte vir verbetering en vernuwing is, en dat 'n "optimale wins" uiteindelik die resultaat van 'n reeks kumulatiewe suksesse oor 'n lang tydperk is.

'n Baie geseënde Feesgety word u en u familie toegewens. Ons bly nederig dankbaar aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons onverdienstelik uit Sy hand ontvang.

*- Erenst Pelser*

## SSK WINTERGRAAN DAG | 21 AUGUSTUS 2019

SSK se jaarlikse Wintergraandag is op 21 Augustus by Jan-Hendrik Joubert op die plaas Uitkyk, Riversdal gehou. Die dag is gereël deur Gerdus Steyn, Saad Afdelingsbestuurder van SSK en is deur ongeveer 310 produsente en verskaffers bygewoon.

Die Hoofsprekers op die dag was Randolf Meyer, konsultant van NuWay Nulandis wat oor Grondgesondheid gepraat het en Dr Sandra Lamprecht, Spesialiswetenskaplike van die LNR wat oor grond-gedraagte siektes gepraat het.



Foto: Petro Heyneman

## HENDRIK PIENAAR GRAANDAG 2019



Die Hendrik Pienaar Graandag word sedert 2011 tradisioneel in Oktober in die Mosselbaaistreek gehou. Die inisiatief het oorspronklik by Hendrik Pienaar begin, omdat hy 8 jaar gelede een van die min boere in die distrik was wat op daardie stadium reeds 8 jaar met planters geplant het en hy hierdie revolusionêre metode aan sy mede boere wou bekendstel. Graanboere het altyd 'n behoefte om by mekaar te leer, veral aangesien die natuur elke jaar anders is en verskillende graan variëteite elkeen sy eie wetenskap vereis. Hierdie jaar was geen uitsondering nie. Ten spyte van die erge droogte wat die Mosselbaai- en Albertinia streek die afgelope 3 jaar teister, het die Graandag in 2019 steeds voortgegaan en was dit soos altyd baie goed ondersteun. Uit ondervinding weet Hendrik en sy mede boere dat geen geld die saampraat en moed-in-praat wat met die dag gepaardgaan, kan koop nie. Baie boere wat die dag bygewoon het, gaan die jaar weinig opbrengste hê, maar almal was saam bly vir diegene wat wel sou kon oes.

In die beginjare het boere soos Bertie Horn, CD du Toit en Hennie Bosman van Albertinia en Ruben Barnard van George, Hendrik se entoesiasme vir dié dag gedeel en hulle is sedertdien aktiewe medewerkers om die dag elke jaar 'n reuse sukses te maak. SSK is sedert 2013 aktief as borg betrokke en volgens Hendrik Pienaar is hiérdie bydrae vir boere in die streek elke jaar van veel waarde. Hy sê "SSK, as insetverskaffer, lewer 'n ontsettende bydrae om Suid-Kaap boere op hul plase te hou".

Op 26 September het meer as 100 boere van so ver as Swellendam die dag bygewoon. Verskeie van die jong, dinamiese boere van die streek het ook by die graanlande aanbiedings gedoen. Die dag is afgeskop by Excelsior naby Vleesbaai met 'n ontbyt wat deur MOOV geborg is en deur Kolie Brits gereël is. Boere het gehoor van die waarde van presisie boerdery, CD du Toit het sy ondervinding van grondgesondheid gedeel en 'n interessante aanbieding is deur MOOV verteenwoordigers gedoen.

Hierna het die praktiese deel van die dag afgeskop en het SSK busse die boere tussen die plase vervoer waar graan besigtig is. Plase en boere wat besoek is, sluit in: Hennie Bosman, Jurg Streicher, CD du Toit, die de Jagers, Poggenpoels en die Mullers van Patrysfontein plase. Die aand word tradisioneel afgesluit met 'n braai en laatnag kuier - en die jaar was geen uitsondering nie.

Op elke plaas beskaam die hoop nooit nie en boere kyk altyd op. Sonder boere kan ons streek nie bestaan en floreer nie, en ons hoop saam met hulle vir 'n suksesvolle 2020.

*- Annelie van Wyk*



Hendrik Pienaar en Jurg Streicher

FOKUS OP SSK LEDE

# DIE BARNARDS VAN WABOOMSKRAAL
## ( EN DIE GESKIEDENIS VAN 10 TREKOSSE )

"Waboomskraal is amper heeltemal omring deur die Outeniquaberge, behalwe waar die pad deurloop Oudtshoorn toe", so vertel Deon Barnard van die plaas Kouwdouw (Oppie Plaas Venue) een middag in Oktober. Vandaar die verwysing na "kraal", as deel van die naam van dié vallei wat aan die voet van die Outeniquapas, rigting George tussen die berge lê. Die Waboom is ook bekend as die Blou Suikerbos en blom welig vroeg-winter in die Waboomskraal-omgewing. Die harde hout van die waboom is in die ou tyd gebruik om wielspore en remblokke te maak. Volgens kenners dui dié protea aan waar die grond minder suur en meer vrugbaar is en dis duidelik aan die talle wabome wat daar voorkom, dat die grond hier inderdaad vrugbaar is. Die hektare hops, pekanneute en pruime wat gedy op Kouwdouw getuig ook daarvan. "Kouwdouw" verwys na die koue mis wat van die berge af in die vallei gaan lê en die dou wat dan orals te sien is.

Deon is 'n bobaas verteller en daar is verseker nog baie stories uit die verlede waarna 'n mens oopmond kan luister. In die laat 1800's was Deon se oupagrootjie, Andries Barnard en sy mense transport boere, ook bekend as tog-ryers in die Sinksabrug omgewing. Tog-ryers was in daardie tyd alombekend as "Koeries", verwysend na "couriers". Hulle het 10 osse gehad waarvan Deon vandag nog die name kan opsê: "Tottie, Shortie, Regter, Roos, Skulder, Matroos, Toldraai, Lap, Dapper en Stap" ("Skulder" was seker die skuldige een).

Een aand na uitspan het die osse weggeloop en hulle spore "is gevat die Outeniquas uit". Die osse het ver gestap, want hulle word oplaas opgespoor bo op die Platberge, vanwaar Deon se voorgeslagte 'n onbelemmerde uitsig oor die onontdekte vallei daar ver onder gehad het. Die Montagupas wat in 1847 voltooi is, was van daardie uitsigpunt nie sigbaar nie en die vrugbare vallei het nog nie 'n mensehand geken nie. Die Barnards het dadelik geweet dat die osse vir hulle gewys het waar hulle wortels van nou af gaan wees en hulle het die vallei Wagensboomskraal genoem. Deon is die vierde geslag Barnard op Waboomskraal en die vyfde geslag, sy seun Dean, het al baie van die leisels begin oorneem.


In die begin jare het die Barnard voorgeslagte slote ("loopgrawe") gegraaf en Stink- en Geelhout bome (groen goud) afgesaag met treksae, wat die osse dan tot bo-op die kruin van die Platberg gesleep het. Die stompe is dan afgerol na George se kant toe vanwaar die Departement van Bosbou se mense dit dan opgeraap het. Deon vertel dat sy pa hom na 'n groot brand 'n paar jaar terug, die oorspronklike sleeppaaie gaan wys het wat vandag nog sigbaar is, as jy weet waar om te kyk. Die Barnards het eers in grotte in die berg gebly en volgens oorlewering moes hulle gereeld die "bergtiere" wegjaag. Met die groen-goud-geld het hulle 75% van Waboomskraal vir 1200 pond op skuld gekoop, wat hulle by Raubenheimer prokureurs in George afbetaal het. Deon vertel van 'n broer van sy oupagrootjie, Marthinus, wat heeltemal blind was en deur 'n werker, ene Jakob rondgelei is. Sodra daar bietjie geld was, het die blinde broer en Jakob die Montagupas te voet gevat Ge-org toe om die geld te gaan inbetaal. Dieselfde dag het hulle die terugtog aangepak en vroegaand tuis gekom. 'n Mens kan jou net indink waaroor daar tydens so 'n staptog gesels is.

Vroeg in die 1900's het die Barnards met aartappels, koring, uie, melkkoeie en besemgoed, wat hulle in die berg gepluk het, geboer. Die besemgoed (fynbos) is in Oudtshoorn verkoop en is gebruik om besems te maak. Vandag is Deon 'n boer wat diversifiseer, met 28 hektaar hops, en 6 hektaar elk pekan- en pruimbome. By die spoggerige "Oppie Plaas Venue" word gemiddeld 35 troues per jaar gehou en daar is ook 'n besondere kunstige plaasstal waar Deon se vrou Mariaan se konfyte en produkte van plaaslike mense onder andere te koop is. Deon vertel trots dat sy vrou ongeveer 14 000 bottels konfyt per jaar bottel. Deon en sy familie het baie planne vir al die vertakkings. Dean het na 'n intensiewe kursus 'n "craft gin" gemaak wat binnekort produseer gaan word, wat volgens hom enig in sy soort gaan wees in Suid-Afrika. Die gin word nog volgens die oorspronklike proses gemaak en ons glo mense gaan ver ry om dit te kom proe. Deon verklap dat die osse vernoem gaan word en so leef die geskiedenis voort in die gin/boetiek jenewer wat die vyfde geslag op die plaas produseer. Die gin gaan "ten oxes" heet, verwysende na die vorige geslagte wat van "oxes" en nie "oxen" gepraat het. Elke bottel gaan een van die 10 osse se name dra. Voorwaar 'n trotse tradisie wat voortleef van geslag tot geslag!

Die Barnards is diep gelowige mense wat niks aanpak sonder gebed nie en in diepe dankbaarheid leef. Met die groet voeg Deon vir oulaas by: "Ek sê altyd, toe die Here Waboomskraal gemaak het, het hy so bietjie hier vertoef".

Webblad: www.oppieplaasvenue.co.za
E pos : info@oppieplaasvenue.co.za

*- Anne'ie van Wyk*



Deon en Dean Barnard.



AB InBev se toekenning vir hoogste hops- en plot opbrengs asook beste kwaliteit hops in 2018.



Die asemrowende uitsig by Oppie Plaas.

FOKUS OP SSK WERKNEMER

# NICO DE WET
## (Kredietbestuurder)

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN
Ek is 'n boerseun gebore en getoë op Swellendam. Ek was in Hoër Landbouskool Oakdale, waar ek bevoorreg was om eerstespan rugby te kon speel, my land te verteenwoordig in toutrek en ek het darem 'n rekord of wat in middelafstande agter my naam.

Ek het aan die Universiteit van Stellenbosch 'n B.Sc. Landbou Ekonomie en Veekunde graad geswot. Op Stellenbosch het ek die liefde van my lewe, my trou-vrou Carmen ontmoet. Ons het een seuntjie Christiaan en lyk my daar is nog een op pad. Carmen is 'n onderwyseres, maar is tans permanent by die huis besig om vir my en Christiaan te probeer opvoed.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?
Ons is lief vir die buitelewe, veral ook vir die see en gaan graag saam met familie en vriende Vleesbaai toe. Ek hou steeds van draf, so ons maak graag 'n naweek rondom die wedlope. Ek boer ook self saam met my pa en ons geniet saam die plaaslewe as 'n gesin.

### KORTLIKS JOU LOOPBAANGESKIEDENIS TOT DUSVER
Ek het in 2013 in New-Suid Wallis, Australië gewerk op 'n veeplaas. In 2014 het ek ingeval by SSK op Mosselbaai en daarna geskuif na Riversdal in 2016.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE
Saam met die Kredietspan was dit vir my 'n groot prestasie en leerskool gewees om deel te wees van die samevoeging van die SSK- en Tuinroete Agri Krediet funksie. Dit is en bly vir my 'n voorreg om saam met kundige kollegas te werk.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?
Ek sien myself voor die hekke van Swellenduimpie stop om Christiaan af te laai by sy eerste skooltjie. Ek sal graag ook my suiwel kudde wil verbeter en die plaas nog meer doeltreffend wil bestuur.

SSK oor 5 jaar moet kan terugkyk en sien hoe ons al meer waarde aan die gemeenskap en ons lede toegevoeg het, en moet aanhou om persoonlike diens te handhaaf.



Die De Wet gesin.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?
Beste raad wat ek al ontvang het is vanaf my oupa Nicolaas Jonker: “Fokus op dit wat jy goed kan doen. Sit jou tyd en energie daarin en probeer altyd jou kundigheid in dié veld uitbou”.

## LANGDIENS ERKENNING

**20 JAAR:** Raymond Jackson, Minette van Schalkwyk

**15 JAAR:** Cecilia Kleynhans, Gerhard Hartnick, Catherine Bruiners

**10 JAAR:** Maria Germishuys, Andre Burger, Petro Heyneman, Re-onie Prinsloo

## TOP 10 WINES

**DER KELDERMEISTER**
1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Boland Sixty-40 Cabernet Sauvignon / Shiraz
5. Unbelievable Dry Red
6. Beyerskloof Pinotage
7. Boland Sixty-40 Chenin / Sauvignon Blanc
8. Van Loveren Neil's Pick Colombar
9. Bon Courage Sauvignon Blanc
10. Perdeberg Soft Smooth Red



# SSK GHOLFDAE 11 SEPTEMBER OP SWELLENDAM




Michael John Keyser, Nico Le Roux, Mark Stander en Kobus Uys.




Dabrie Saayman, Alex van Breda, Wimpie Janse van Rensburg en Cloete Fourie.




Piet (Sands) en Janet Uys.

## 16 NOVEMBER OP UNIONDALE




Michael Swart, Piet Swart, Oeloff Badenhorst en Jan Weys.



Jaco Jonker, Gerhard Coetzee, Ian du Plessis en Gerhard van Jaarsveld van SSK het Hessequa Abbatoir se steaks gebraai.



By die SSK Gholfdag in Uniondale word daar rolbal gespeel reg langs die gholfbaan.



# JONGBOER VAN DIE JAAR

Trotse prestasie! Agri SA en Toyota SA se Jongboer van die Jaar is die SSK lid, Johan van der Schyff. Op die foto is Johan en 'n toekomstige Jongboer van die Jaar, JJ (jnr) van der Schyff.

Werksaam SSK Wen saam

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2019 | SEPT 2019 | OKT 2019 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 0mm | 17mm | 8mm |
| Albertinia | 6mm | 40mm | 22mm |
| Ashton | 0mm | 18mm | 13mm |
| Avontuur | 6mm | 84mm | 51mm |
| George | 4mm | 66mm | 43mm |
| Heidelberg | 2mm | 38mm | 31mm |
| Herold | 0mm | 42mm | 9mm |
| Joubertina | 1mm | 41mm | 9mm |
| Karringmelks | 4mm | 20mm | 52mm |
| Knysna | 5mm | 80mm | 65mm |
| Misgund | 3mm | 55mm | 27mm |
| Mosselbaai | 8mm | 77mm | 11mm |
| Protem | 7mm | 17mm | 27mm |
| Plettenbergbaai | 1mm | 41mm | 29mm |
| Riversdal | 1mm | 41mm | 29mm |
| Swellendam | 0mm | 12mm | 41mm |

Let wel: Reënval mag verskil weens plek van meting in dorp streek







# SSK Vrouedae



## Aberdeen



V.l.n.r.: Janie Theron, Adele de Jager, Lehandi Mare, Maryke Lategan, Joyle Smit en Megan Meyer.



Adele de Jager en haar ma, Lizelle, wat al die pad van Oudtshoorn af gekom het!



Toesie Slabbert boer met kool. 'n Koolhoed - hoe dan anders?



V.l.n.r.: Emmery Zietzman Annatjie Ferriera, Elmarie Wentzel, Norette J v Rensburg en Linda Strydom.

## George



V.l.n.r.: Lisa van Schalkwyk, Hannetjie Langenhoven en Linda Aucamp.



Wilna van der Merwe en Poenie van der Merwe.



V.l.n.r.: Marelize Victor, Cecile van Greunen en Rika van Greunen.




V.l.n.r.: Wilna Botha, Sharon van Vught, Rhoda Wagman en Cora de Beer.

## Swellendam



V.l.n.r.: Ronell Verwey, Elca Crous en Louise Brooks.



Lekker gesellig by Utopia!



Agter v.l.n.r.: Marguerite Grobbelaar, Irma Roux, Hannie Claassen en Somarie Oosthuizen. Middel v.l.n.r.: Pop Duminy, Adri van Zyl, Bonnie Smit en voor; Rolene Oosthuizen.



V.l.n.r.: Melissa van Papendorp, Tronel Lourens en Joan Munnik van SSK Agriland.




# SOMER PROMOSIE!



**TENTCO**
Senior Gazebo
3.0 x 2.8 x 2.2M
R2149.00 Elk
00300380



**BASECAMP**
Direkteur Stoel
Aluminium
R749.00 Elk
1536860



**TENTCO**
Senior Wanderer Boog Tent
3.0 x 3.0 x 2.2M
R3899.00 Elk
00300321



**REPUBLIC**
Strand Sambreel
2.25M
R449.00 Elk
340047



**ADDIS**
Stella Stoel Wit
R219.00 Elk
00301725



**BASECAMP**
Spider Stoel
R229.00 Elk
00301441



**ADDIS**
Sonbed wit
R949.00 Elk
00301689



**LEISURE QUIP**
Fles Blou/Grys
750mℓ
R149.00 Elk
00301685



**TENTCO**
Enkel Opvoubare Matras
195 x 63 x 5CM
R499.00 Elk
00301150



**LEISURE QUIP**
Coolblaster waaier
USB Herlaaibaar
R279.00 Elk
00301683



**LEISURE QUIP**
Muskietvanger
USB Herlaaibaar
R165.00 Elk
00301684



**TENTCO**
Opvoubare Poly Tafel
1800 x 760MM
R629.00 Elk
1521110

**PRYSE GELDIG VANAF 21 NOVEMBER TOT 31 DESEMBER 2019. F & WU**

ONS BEHOU DIE REG VOOR OM HOEVEELHEDE TE BEPERK, FOTO'S MAG VAN WERKLIKE PRODUKTE VERSKIL. PROMOSIE GELDIG SOLANK VOORRAAD HOU. PRYSE SLUIT BTW IN. BESTUUR KAN NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE VERANDERINGS OF DRUKFOUTE WAT MAG VOORKOM NIE. PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING.

**ABERDEEN** - TEL: 049 846 0489 • **ALBERTINIA** - TEL: 028 735 1094 • **AVONTUUR** - TEL: 044 752 3004 • **GEORGE** - TEL: 044 801 4500 • **HEIDELBERG** - TEL: 028 514 8600 • **HERBERTSDALE** - TEL: 044 651 1676 • **HEROLD** - TEL: 044 888 1626 • **KNYSNA** - TEL: 044 382 3027 • **KRAKEEL** - TEL: 042 274 2201/16 • **MISGUND** - TEL: 042 275 1409/21 • **MOSSELBAAI** - TEL: 044 601 1200 • **NOLL** - TEL: 044 745 1277 • **PLETTENBERGBAAI** - TEL: 044 533 0495 • **RIVERSDAL** - TEL: 028 713 2404 • **STILBAAI** - TEL: 028 754 3520 • **SWELLENDAM** - TEL: 028 514 8770 • **TWEE RIVIERE** - TEL: 042 273 1905 • **UNIONDALE** - TEL: 044 752 1217

# MENSE EN DINGE



Mark Trollip SSK lid van Swellendam, saam met Jade (links) Nasionale Skaaphond van die Jaar en Diesel, Nasionale Nuweling Skaaphond van die Jaar.




SSK droogtehulp projek: 86 bale garsstrooi, geskenk deur die Saayman Familietrust in samewerking met SSK, is onlangs in die droogte geteisterde Herold afgelaai. SSK "werk saam en wen saam" met ons lede deur dik en dun. SSK en sy lede gee om vir mekaar.



SSK by Summit Wildlife in Graaff Reinet. V.l.n.r.: Riaan Landman, JJ Holtzhausen, Morné Fitzhenry en Fanie Marx.



SSK se nuwe Silosak-depot by Kleinberg.

## LANGKLOOF BLOEISELFEES



Villiers van Veen en gasspreker Bun Booyens.



Erenst Pelser en Marais Pienaar.

## *WE WISH YOU A BLESSED FESTIVE SEASON*

" And Mary said: " My soul glorifies the Lord and my spirit rejoices in God my Savior, for he has been mindful of the humble state of his servant. From now on all generations will call me blessed, for the Mighty One has done great things for me - holy is His name. " - Mary's Song Luke 1:46-49

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
Design: Nenane Nester - infografiac@gmail.com | Printing : Jetline Print On Demand George